## Vraag 1: Literêre / nie-literêre teks

**So rooi soos 'n tamatie!!**

1. 'n Kosfees met 'n verskil. In Spanje vind daar al van 1945, 'n tamatie fees plaas. Dit is die grootse kos geveg in die wêreld, dit word deur duisende mense jaarliks bygewoon.

2. Die 'La Tomatina' in Bunol begin met trokke wat vragte vol oorryp tamaties orals in die dorp aflaai. Die tamaties word deur plaaslike boere geskenk vir die fees.

3. Sodra die trokke verby is, gryp feesgangers soveel tamaties as wat hulle kan, 'n sirene laat weet die mense sodra hulle mekaar mag begin gooi.

4. Dit is 'n uur van papperige, bloedrooi tamaties en skreeusnaakse tonele soos mense glip en gly oor die tamatie gemors.

5. Van die reëls by die La Tomatina fees sluit in:
   - Jy moet ophou sodra die uur verby is.
   - Jy mag nie iets saambring wat beserings kan veroorsaak nie soos, bv. glasbottels nie.
   - Net vrot, pap tamaties mag gebruik word.
   - Dra ou klere wat jy nie weer gaan wil dra nie, en tekkies met goeie sole.
   - Moet nie die fees bywoon as jy allergies is vir tamaties nie.

6. Na die tyd kan die feesgangers hulle self afwas in die Bunolrivier of met van die beskikbare tuinslange. Daarna is dit tyd om van die partytjies by te woon.

**Leesstuk aangepas uit: Slimkoppe**

TOM NEWBY SCHOOL

---

1.1 Wat is La Tomatina? (1)

A. 'n Sokkerwedstryd in Spanje
B. 'n Musiekfees in Europa
C. 'n Tamatiefees wat jaarliks plaasvind
D. 'n Mark waar groente verkoop word

---

LIVEWORKSHEETS

1.2 Hoeveel mense word vir die fees verwag? (1)

A. Honderde mense
B. Duisende mense
C. Net plaaslike boere
D. Net kinders

---

1.3 Waarom mag jy nie glasbottels saambring nie? (1)

A. Dit breek maklik en mors kos
B. Dit kan beserings veroorsaak
C. Dit maak die fees lawaaierig
D. Dit is te swaar om te dra

---

1.4 Watter sin sê vir ons hoe gereeld die fees plaasvind? (1)

A. Dit word in Spanje gehou.
B. Duisende mense woon dit by.
C. Dit word jaarliks bygewoon.
D. Dit is 'n groot fees.

---

1.5 Hoe lank mag mense tamaties gooi? (1)

A. Die hele dag
B. Tot almal moeg is
C. Vir een uur
D. Tot die tamaties op is

---

FROZENFOCUS®

1.6 Waar kom die tamaties vandaan? (2)

A. Uit supermarkte
B. Van plaaslike boere
C. Van trokke wat dit aflaai
D. Van winkels in die dorp

EDUCATION

**Kies TWEE korrekte antwoorde.**

---

1.7 Wanneer het die fees die eerste keer plaasgevind? (1)

A. 1935
B. 1945
C. 1955
D. 1965

LIVEWORKSHEETS

1.8 Wat bedoel die skrywer met "'n kosfees met 'n verskil"? (1)

A. Mense eet tamaties
B. Tamaties word verkoop
C. Mense gooi tamaties na mekaar
D. Tamaties word gekook

1.9 Wat kan gebeur as mense harde groen tamaties gooi? (1)

A. Dit maak minder gemors
B. Dit kan mense seermaak
C. Dit is snaaks
D. Dit is beter vir die omgewing

1.10 Wat is die skrywer se doel met hierdie leesstuk? (1)

A. Om mense te oorreed om kos te koop
B. Om mense te waarsku teen tamaties
C. Om inligting oor die fees te gee
D. Om 'n storie te vertel

1.11 Waarom dink jy is die sirene nodig? (2)

A. Om musiek te speel
B. Om te wys wanneer die fees begin
C. Om te sê wanneer mense moet ophou gooi
D. Om mense te laat hardloop

FROZENFOCUS®
EDUCATION

1.12 Wat kan 'n nadeel wees as 'n skool so 'n fees hou? (2)

A. Dit kan baie vuil wees
B. Dit kan mense seermaak
C. Dit is goedkoop
D. Dit is goed vir toerisme

1.13 Waarom moet mense ou klere dra? (1)

A. Nuwe klere is ongemaklik
B. Die tamaties kan klere beskadig
C. Dit is koue weer
D. Dit lyk mooier

LIVEWORKSHEETS

1.14 Hoe voel jy oor die feit dat trokke vol tamaties gemors word? (1)

A. Dit is goed vir mense
B. Dit is morsig maar pret
C. Dit is sleg want mense het kos nodig
D. Dit maak nie saak nie

---

1.15 Is die titel "So rooi soos 'n tamatie!!" gepas? (1)

A. Ja, want almal dra rooi klere
B. Ja, want alles en almal word rooi
C. Nee, want dit gaan oor kos
D. Nee, want dit is 'n grap

---

1.16 Sal jy die fees bywoon? (1)

A. Ja, dit klink lekker
B. Ja, want ek hou van feeste
C. Nee, dit is te morsig
D. Nee, ek hou nie van tamaties nie

---

1.17 Dink jy die mense wat die strate skoonmaak leer iets uit die fees? (1)

A. Nee, hulle doen net hul werk
B. Ja, net oor skoonmaak
C. Ja, oor spanwerk en verantwoordelikheid
D. Nee, want dit is maklik

---

**Totaal: 20 punte**

FROZENFOCUS®
EDUCATION

LIVEWORKSHEETS

# Vraag 2: Visuele teks



Foto 1



Foto 2

2.1 Watter TWEE verskille kan ons tussen Foto 1 en Foto 2 sien? (2)

a) Foto 1: Die meisie is vuil.
Foto 2: Die meisie is skoon.

b) Foto 1: Die meisie lyk bekommerd en haar hemp is skoon.
Foto 2: Die meisie glimlag en haar hemp is rooi.

c) Foto 1: Die meisie dra 'n veiligheidsbril.
Foto 2: Die meisie dra geen veiligheidsbril nie.

d) Foto 1: Albei meisies is gelukkig.
Foto 2: Albei meisies is kwaad.

2.2 Wat sê die meisie se gesigsuitdrukking vir ons? (2)

a) Foto 1: Sy lyk kwaad.
Foto 2: Sy lyk bang.

b) Foto 1: Sy lyk bekommerd.
Foto 2: Sy lyk gelukkig.

c) Foto 1: Sy lag hard.
Foto 2: Sy huil.

d) Foto 1: Sy is moeg.
Foto 2: Sy is siek.

FROZENFOCUS EDUCATION

LIVEWORKSHEETS

2.3 Hoekom dink jy het die meisie 'n veiligheidsbril in Foto 2 aan? (1)

a) Om beter te kan sien.

b) Om haar oë te beskerm.

c) Omdat dit mode is.

d) Omdat sy bang is vir die kamera.

---

2.4 Wat kan ons aflei as ons na die agtergrond van die twee foto's kyk? (2)

a) Foto 1: Die fees het reeds begin.
Foto 2: Niemand neem deel nie.

b) Foto 1: Die mense is vuil.
Foto 2: Die mense is skoon.

c) Foto 1: Die fees het nog nie begin nie en klere is skoon.
Foto 2: Die fees het begin en mense is vuil.

d) Foto 1: Almal dra veiligheidsbrille.
Foto 2: Niemand dra veiligheidsbrille nie.

---



Foto Groep 3

---

VRAAG 2: VISUELE TEKS (FOTO GROEP 3 – MEERKEUSE)

Kyk na **Foto Groep 3** en kies die **korrekte antwoord (a, b, c of d)**.

---

LIVEWORKSHEETS

2.5 Kyk na die mense in Foto Groep 3. Wat dink jy is hulle besig om te doen? (1)

a) Hulle is besig om kos te kook.

b) Hulle is besig om die strate en geboue skoon te maak.

c) Hulle is besig om tamaties te verkoop.

d) Hulle is besig om 'n fees voor te berei.

---

2.6 Wat gebruik hulle om die strate mee skoon te maak? (1)

a) Borde en lepels.

b) Net hul hande.

c) Besems en water (tuinslang).

d) Verf en kwasse.

---

2.7 Dink jy dit is 'n vinnige of lang proses om die tamatiegemors skoon te maak? (1)

a) Dit is 'n vinnige proses, want daar is min tamaties.

b) Dit is 'n vinnige proses, want dit het reeds klaar gebeur.

c) Dit is 'n lang proses, want daar is oral baie tamaties.

d) Dit is 'n lang proses, want niemand help nie.

---

FROZENFOCUS® EDUCATION

## *Vraag 4: Taal in konteks*

---

4.1 Onderstreep die werkwoord in die volgende sin. (1)

Hulle gooi mekaar met ryp tamaties.

---

4.2 Die byvoeglike naamwoord in die volgende sin is … ?

**Omkring die regte antwoord.** (1)

Die fees is deur opgewonde mense bygewoon.

A. fees
B. opgewonde

LIVEWORKSHEETS

C. mense
D. bygewoon

---

4.3 Gee 'n antoniem vir: *eindig* (1)

Antwoord: ___________________________________________

---

4.4 Gee 'n sinoniem vir: *stop* (1)

Antwoord: ___________________________________________

---

4.5 Voltooi die tabel. (2)

| Woord | Meervoud | Verkleining |
|---|---|---|
| tamatie | __________________ | ___________________ |

---

4.6 Skryf die volgende sin in die verlede tyd. (1)

Die mense wag vir die sirene.

Antwoord: ___________________________________________

---

4.7 Skryf die volgende sin oor in die toekomende tyd. (1)

Hulle maak die strate skoon.

Antwoord: ___________________________________________

FROZENFOCUS®
EDUCATION

---

4.8 Vul die korrekte lidwoord in die volgende sin in. (1)

Gryp vir jou genoeg van _______ tamaties voordat die fees begin.

---

4.9 Sê watter tipe sin die volgende sin is.

**Onderstreep die regte antwoord.** (1)

Is die uur al verby?

(vraagsin / stelsin / uitroepsin)

---

LIVEWORKSHEETS

4.10 Sê watter tipe voornaamwoord in die volgende sin gebruik is.

**Gebruik die woorde in die blok om jou te help.** (1)

**Persoonlike voornaamwoord**
**Besitlike voornaamwoord**
**Aanwysende voornaamwoord**
**Onpersoonlike voornaamwoord**

Hierdie tamaties is nog groen.

Antwoord: ________________________________________

---

4.11 Skryf die volgende woord in lettergrepe en sê of dit oop of geslote is. (1)

duisende: ________________________________________

---

4.12 Gee die intensiewe vorm van: *rooi* (1)

Antwoord: ________________________________________

---

4.13 Gee die trappe van vergelyking van die volgende woord. (2)

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| snaaks | ____________________ | ____________________ |

---

FROZENFOCUS®
EDUCATION

LIVEWORKSHEETS